**Die besnydenis as teken van die Abrahamverbond (OP148)**

**Gen 17:1-14, 23-27**

**1 Oktober 2023**

Soos wat ek in die vorige preek aangedui het, wil ek vandag stilstaan by die besnydenis wat die Here as teken van die verbond met Abraham gegee het. Voor ons daarna begin kyk, wil ek net eers kortliks opsom wat ons tot dusver uit die verbond met Abraham geleer het: Die Here het Hom in hierdie verbond aan Abraham verbind. Hy het opnuut sy vroeëre beloftes van 'n groot nageslag en die inname van die beloofde land bevestig. Dit word egter al duideliker dat hierdie beloftes veel verder strek as net Abraham se fisiese nageslag en die fisiese land Kanaän. Nee, dit handel in besonder oor die ware nageslag van Abraham – en hulle is die gelowiges, m.a.w. die mense wat die Here en Sy beloftes glo, soos Abraham. Die belofte van die land handel ook oor meer as Kanaän – dit kyk vooruit na die nuwe aarde onder die nuwe hemel. In die verbond met Abraham beloof die Here aan die gelowiges dat hulle deel is van Abraham se ware nageslag en deel sal hê aan die nuwe aarde. Maar die Here verduidelik meer aan die gelowiges: Hy verduidelik aan hulle dat, omdat hulle glo, sal Hy aan hulle geregtigheid gee, en die gevolg van hierdie geregtigheid is dat hulle in vrede sal sterf, selfs al beleef hulle nog nie die volle vervulling van die beloftes in hierdie lewe nie. Maar die Here verwag ook van hulle, dat hulle daardie geregtigheid wat Hy aan hulle gegee het, sal gebruik om onberispelik voor Hom te leef. Hy verduidelik dat die gelowiges kan verwag dat die ware nageslag van Abraham baie groot sal wees, en hulle sal uit 'n menigte nasies kom. Hy verduidelik ook dit gaan tyd neem om volle vervulling te bereik – maar dit moet nie die gelowiges ontstel nie, want Sy verbond met Abraham is 'n ewige verbond. Die belangrike punt wat die gelowiges moet begryp, is dat die Here dit alles doen met die doel dat Hy hulle God sal wees, en hulle Sy volke sal wees. Dit is juis hulle wat Hy wil gebruik om Sy skeppingsdoel te verwesenlik – naamlik om die skepping te vul met Sy heerlikheid. En daarom is dit nodig dat hulle nuut gemaak moet word – sodat hulle werklik in geregtigheid voor Hom kan leef. Die Here is absoluut verbind daartoe om dit alles te laat realiseer – want Hy het alleen tussen daardie stukke diere deur beweeg – Hy sal sorg dat dit gebeur.

Bo en behalwe hierdie ryk inhoud van die verbond met Abraham, het die Here ook nog aan hom en sy nageslag die teken van die verbond gegee, naamlik die besnydenis – soos wat ons lees in Gen 17:9-14. Ek wil vandag die besnydenis oordink onder die volgende drie hoofpunte: (1) Die oorspronklike betekenis van die besnydenis soos beskryf in Gen 17, (2) Die Ou Testamentiese perspektief op die betekenis van die besnydenis, en (3) Die Nuwe Testamentiese perspektief op die betekenis van die besnydenis.

<u>Die oorspronklike betekenis van die besnydenis in Gen 17:9-14</u>

Lees Gen 17:9-11. Uit hierdie verse 9-10 is dit duidelik dat die uitvoer van die besnydenis 'n opdrag van die Here is. Dit is nie opsioneel nie. Abraham en sy nageslag en deur die geslagte heen moet gehoorsaam wees aan die opdrag om besny te word. Verse 10 en 11 verduidelik vir ons wat die besnydenis is: Elke manlike persoon moet besny word aan hulle voorhuide, d.w.s. die voorhuid van die manlike geslagsorgaan van elke manlike persoon binne die verbond moet weggesny word.

Vers 10 maak duidelik dat daar 'n nou band is tussen die verbond en die besnydenis: om besny te word, is die verbond. Daar moet dus 'n nou verband of 'n sterk ooreenkoms wees tussen die besnydenis en die inhoud van die verbond waarna ons laas keer gekyk het. Vers 11 verduidelik vir ons hoe ons hierdie nou verbond moet verstaan: die besnydenis is die teken van die verbond. Dit beteken die besnydenis getuig van die inhoud van die verbond, dit bevestig of verseël die inhoud van die verbond. Daar moet dus 'n akkurate uitbeelding van die inhoud van die verbond in die

besnydenis na vore kom. En dan moet dit ook as ‘n versekering dien aan die persoon wat die besnydenis ontvang, dat die inhoud van die verbond waar is. Vers 13b sê die besnydenis is aan die liggaam van die besnedene as ‘n ewige verbond. Soos wat die fisiese besnydenis van die voorhuid permanent is vir die besnedene, so is die inhoud van die verbond ook permanent – ons het in vers 7 gesien die Abrahamverbond is ‘n ewige verbond.

Lees Gen 17:12-14. In hierdie verse leer ons wie die besnydenis moet ontvang: Daar is 4 groepe wat besny moet word: (1) Elke manlike persoon, (2) pasgebore seuntjies moet op ‘n ouderdom van 8 dae besny word, (3) kinders uit die huishouding moet besny word – dit verwys na kinders wat by of deur slawe van die huishouding verwek en gebore word, soos byvoorbeeld Ismael, en (4) manlike persone wat met geld gekoop is van vreemdes en wat nie fisies deel is van Abraham se nageslag nie, dit sluit dus slawe in. Kan ek twee opmerkings maak rakende hierdie beskrywing van wie besny moet word:

- Reg van die instelling van die besnydenis af, was dit duidelik dat dit nie beperk was tot die fisiese nageslag van Abraham nie. Dit sou ook nie later beperk wees tot Israeliete nie. Ja, die fisiese nageslag van Abraham is besny, maar ook kinders wat by en deur slawe verwek is, en selfs persone wat met geld gekoop is. Die beginsel om te besluit of iemand besny moes word, was nie net of iemand ‘n fisiese afstammeling is van Abraham of sy nageslag nie, maar of iemand deel was van die gemeenskap wat blootgestel is aan die inhoud van die verbond met Abraham.
- Die feit dat seuntjies op agt dae besny moes word, wys dat die besnydenis as teken van die Abrahamverbond niks te doen het met die volwassewording van die een wat besny word nie. Daar is baie groepe wat selfs vandag seuns besny wanneer hulle puberteit bereik – dit is glad nie die inhoud van die besnydenis in die Abrahamverbond nie.

Lees Gen 17:23-27. Uit hierdie verse is dit duidelik dat Abraham hierdie voorskrifte oor wie besny moet word, getrou uitgevoer het.

Vers 14 leer ons wat moet gebeur met iemand wat nie besny is nie – hy moet afgesny word van sy mense, d.w.s. van die nageslag van Abraham, oftewel van die verbondsgemeenskap.

Kom ons besin nou oor wat dit alles beteken: Hoe is die besnydenis ‘n betekenisvolle teken van die verbond met Abraham? Ek dink daar is drie belangrike betekenisse in die besnydenis:

- Die besnydenis was die teken wat aangedui het dat iemand deel is van die verbondsgemeenskap. Vir Abraham het dit beteken hy is op 99 jaar besny – die oomblik toe die besnydenis ingestel is, Ismael is op 13 jaar besny – ook die oomblik toe die besnydenis ingestel is. Isak sou later op die agste dag besny word, toe hy deel van die verbondsgemeenskap geword het (Gen 21:4). ‘n Slaaf sou besny word sodra hy deur Abraham of een van Abraham se afstammelinge gekoop is. Let op: dit het nie beteken dat hulle almal geglo het nie – sover ons weet het Ismael nie geglo nie. Isak kon nog nie bewustelik geglo het op ‘n ouderdom van 8 dae nie. Maar die besnydenis was vir hulle ‘n teken dat hulle deel is van die verbondsgemeenskap wat aan die beloftes en die eise van die verbond blootgestel word. Om werklik deel van die verbond te word, is besnydenis nie voldoende nie – nee dan moet hulle die beloftes glo. Die voordeel van die besnydenis was dat hulle elkeen verseker kon weet: as ek glo, geld die beloftes ook vir my.
- Die besnydenis was ook ‘n teken wat aan die besnedene sy noodsaak aan reiniging moes toon, asook, tot ‘n mate, hoe daardie reiniging bewerk gaan word. Onthou wat het met Abraham gebeur: Ons het gesien hy het reeds in Gen 15 die beloftes van die Here geglo, en het toe reeds geregtigheid ontvang. Maar tog het hy daarna in Gen 16 opgetree op ‘n

manier wat nie onberispelik was nie. In Gen 17:1 het die Here vir hom gesê hy moet onberispelik leef. Abraham het dus verstaan, daar is nog iets wat reggestel moet word – selfs by hom wat alreeds geregtigheid ontvang het. Daar is iets wat nog weggevat moet word. En dit is wat die besnydenis fisies uitbeeld: Soos wat die voorhuid weggesny word, so is daar iets wat nog by Abraham weggesny moet word. Die nood is soveel te meer daar vir iemand wat nog nie tot geloof gekom het toe hy besny is nie. Ons sal netnou sien wat daardie "iets" is wat weggesny moet word.

- Daar is ook betekenis in dat die besnydenis juis die wegsny van die voorhuid van die manlike geslagsorgaan was. Die manlike geslagsorgaan is tog sekerlik simbolies van fisiese afstamming. 'n Mens sou nou dink dat die Abrahamverbond daarom ook juis volgens fisiese afstamming sou loop. Maar ons het herhaaldelik gesien dat dit nie die geval is nie – dink maar net aan Ismael. En in elk geval, het ons ook sopas gesien die besnydenis is weier toegepas as net aan Abraham se fisiese afstammelinge. Hoekom is die besnydenis dan juis aan die manlike geslagsorgaan? Onthou, daar is nog 'n ander belangrike belofte wat besig is om in vervulling te gaan: Die Een uit die nageslag van die vrou wat gebore moet word uit die fisiese afstamming van die vrou, en van Abraham. En soos ons later sal sien is Hy juis die Een wat sal toesien dat daardie "iets" wat weggesny moet word, weggesny sal word. Dit is betekenisvol dat die besnydenis in die Nuwe Testament vervang word met die doop – die doop behou die eerste twee betekenisse van die besnydenis wat ons hierbo genoem het (lid van die verbondsgemeenskap en noodsaak aan reiniging), maar die fokus op die manlike geslagsorgaan verdwyn, want die Een uit die nageslag van Abraham wat moes kom, het dan reeds gekom.

<u>Die Ou Testamentiese perspektief op die betekenis van die besnydenis</u>

Ek wil nou kortliks fokus op hoe die Ou Testament die besnydenis gebruik en wat ons daaruit van die besnydenis kan leer.

Lees Deut 10:12-13. Moses praat met die volk (d.w.s. die fisiese nageslag van Abraham) kort voor hulle die beloofde land sou ingaan. Hy vra vir hulle wat dit is wat die Here van hulle vra, m.a.w. wat is dit wat die Here van hulle verwag? En dan antwoord Moses wat die Here verwag: hulle moet ontsag hê vir God, sy paaie volg, Hom liefhê, Hom dien met hart en siel, en Sy gebooie nakom. Hoor jy die ooreenkoms met wat die Here van Abraham verwag het? Hy moes ook onberispelik voor die Here leef. Die vraag is: hoe gaan die volk dit regkry? Lees vers 16: "Besny die voorhuid van julle harte en moenie langer hardnekkig wees nie". Moses sê as hulle wil leef soos wat die Here wil hê hulle moet leef, as hulle in geregtigheid wil leef soos wat die Here van Abraham verwag het – moet hulle die voorhuide van hulle harte besny. Ons kom nou terug hierna.

Lees Deut 30:4-5. Hier verduidelik Moses dat as die volk van die Here afvallig geword het, en hulle kom tot inkeer, dan sal die Here hulle bymekaar maak en terugbring na die beloofde land toe. Maar hoe gaan die Here dit doen? Lees vers 6: "Die Here jou God sal jou hart besny, sodat jy die Here jou God met hart en siel sal liefhê, sodat jy kan leef". Uit beide Deut 10 en 30 volg dat besnydenis van die hart nodig is as die volk die Here wil dien soos wat Hy gedien wil word. As Abraham werklik in geregtigheid voor die Here wil leef, moet hy nie net fisies aan sy voorhuid besny word nie, nee hy moet aan die hart besny word. Daardie "iets" wat weggesny moet word, is 'n dooie, harde hart wat nie wil doen wat die Here wil nie. Die fisiese besnydenis wat wys na noodsaak aan reiniging, wys na die noodsaak aan 'n hartsbesnydenis waardeur dooie harde harte uitgesny word.

Let egter op: In Deut 4 sê Moses die volk moet hulle harte besny, en in Deut 30 sê hy die Here sal hulle harte besny. Wie moet doen? Die volk of die Here? En die antwoord is: beide. Dink aan

Abraham. Hy was reeds ‘n gelowige toe hy besny is, hy het reeds geregtigheid ontvang – maar hy moes nog leer hoe om in hierdie geregtigheid te leef, ons noem dit gewoonlik heiligmaking. Daar was nog dele van sy hart wat hard was. In heiligmaking werk die mens saam met die Here. Maar dink nou aan Isak: Hy is besny op 8 dae, voor hy bewustelik kon glo. Hy het steeds ‘n harde hart, al is hy fisies besny. Hy moet eers wedergebore word – sy hart moet eers deur die Here besny word, sodat hy hom kan bekeer. Maar beide Abraham en Isak het steeds behoefte aan hartsbesnydenis. En hulle fisiese besnydenis wys na hierdie noodsaak aan hartsbesnydenis. Omdat beide behoefte hieraan het, en omdat beide deel is van die verbondsgemeenskap, ontvang hulle beide die teken van die verbond.

<u>Die Nuwe Testamentiese perspektief op die betekenis van die besnydenis</u>

In Luk 2:21 lees ons dat Jesus op die agste dag besny is – immers is Hy gebore uit die nageslag van Abraham en daarom moes Hy besny word. Dit is interessant dat hierdie vers Sy besnydenis koppel aan die feit dat Hy “Jesus” genoem is – en ons weet “Jesus” beteken “Die Here red”. Hy is juis die Een wat sou toesien dat daardie “iets” weggesny sou word.

Ek wil graag vier Nuwe Testamentiese perspektiewe op die besnydenis uitlig:

In die eerste plek: Die Nuwe Testament leer dat <u>gelowiges in Christus besny is</u>. Lees Kol 2:11-12. In hierdie gedeelte skryf Paulus aan die gelowiges, en hy spoor hulle aan: Omdat hulle Jesus Christus aangeneem het, moet hulle in Hom bly leef (Kol 2:6). In vers 11 sê Paulus dat hierdie gelowiges in Christus besny is. En dan verduidelik Paulus wat hy bedoel: Hy bedoel nie dat hulle fisies in Christus besny is met mensehande nie – m.a.w. hulle is nie fisies aan hulle liggame besny soos wat ons in Gen 17 lees nie. Hulle is egter wel besny deur die besnydenis van Christus. Die vraag is nou: wat is die besnydenis van Christus? En Paulus antwoord ook die vraag: Hy sê die besnydenis van Christus is daardie handeling waardeur hulle sondige bestaan weggeneem is. Natuurlik weet ons dat ons sondige bestaan weggeneem is deur die versoeningswerk van die Here Jesus, veral deur Sy dood aan die kruis. Dit is tog waar ons sondeskuld op Hom gelaai is, en waar Hy vir ons geregtigheid bewerk het. Ons weet dat wanneer ons tot geloof kom, word ons geregverdig – oftewel ons ontvang geregtigheid, ons ontvang die geregtigheid wat die Here Jesus vir ons bewerk het. Dit is tog wat met Abraham gebeur het: Hy het die Here geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken. Waar het daardie geregtigheid wat hy ontvang het, vandaan gekom? Dit is bewerk aan die kruis deur die Here Jesus – en Paulus noem dit die besnydenis van Christus. Abraham se fisiese besnydenis moes hom wys op sy noodsaak aan reiniging, sy noodsaak aan verlossing van sy ongeregtigheid, dat “iets” weggesny moet word – en daardie “iets” is sy ongeregtigheid – beide sy ongeregtigheid voor hy in Gen 15 geglo het, maar ook sy ongeregtigheid toe hy byvoorbeeld in Gen 16 by Hagar ‘n kind verwek het. Al hierdie ongeregtighede moet weggesny word. En Paulus sê Abraham se fisiese besnydenis het gewys dat dit weggesny sou word deur Christus se besnydenis, deur Christus wat deur Sy sterwe aan die kruis gelowiges se sondige bestaan (d.w.s. hulle ongeregtigheid) weggeneem het. Gelowiges word dus in Christus besny.

In die tweede plek: Die Nuwe Testament leer dat <u>die doop in die plek van die besnydenis gekom het</u>. In Kol 2:12 gaan Paulus verder: Nou redeneer Paulus dat gelowiges saam met Christus begrawe is, en ook dat hulle saam met Hom opgewek is. Siende dat Hy ons ongeregtighede op Hom geneem het, daarom moes Hy sterf – want die loon van ons sonde is die dood, en siende dat Hy ons sonde op Hom geneem het, daarom moes Hy sterf. Maar omdat Hy weens ons sondes/ongeregtighede gesterf het, het ons effektief saam met Hom gesterf. En genadiglik het Hy die dood oorwin, en weer opgestaan – en daarom het ons ook saam met Hom opgestaan, want Hy het die dood wat ons moes sterf, oorwin. En dan sê Paulus maar dit word afgebeeld in die doop – die doop is ‘n teken wat wys

ons word skoon gewas van ons sonde deur die bloed van Jesus wat gevloei het toe Hy in die dood ingegaan het, en daarna weer lewend opgestaan het. Sien jy? In vers 11 redeneer Paulus dus dat die besnydenis dui op wat hy noem die besnydenis van Christus, waardeur gelowiges se sondige bestaan weggeneem is. In vers 12 redeneer hy dat die doop dui op gelowiges se sondige bestaan wat weggeneem word deur Jesus se bloed wat gevloei het toe Hy die dood ingegaan en weer opgestaan het. Dus: die besnydenis wys op Christus wat ons sondige bestaan wegneem, en die doop wys ook op Christus wat ons sondige bestaan wegneem. Aangesien beide die doop en die besnydenis na dieselfde reiniging van gelowiges se ongeregtigheid wys, daarom is ons oortuig dat die doop in die Nuwe Testament die besnydenis van die Ou Testament vervang het.

Ons sien die oorgang van besnydenis na die doop ook prakties ontwikkel in die boek Handelinge. Lees Hand 10:44-48. In die voorafgaande verse is Petrus by Kornelius, waar hy die evangelie aan hulle verkondig het. Nou lees ons dat die Heilige Gees op die mense gekom het – al was hulle heidene. Hierdie heidene het dus geglo, en so deel geword van die ware nageslag van Abraham. Die gelowiges uit die besnydenis, m.a.w. die Jode, die fisiese nageslag van Abraham, was egter verbaas dat die Heilige Gees ook op heidene uitgestort is. Petrus het egter verstaan dat daar niks is wat verhoed het dat hierdie mense gedoop word nie – en daarom het hy opdrag gegee dat hulle gedoop moes word. Natuurlik het dit 'n krisis onder die Jode veroorsaak. Blaai na Hand 15. Om hierdie krisis te bespreek, is 'n vergadering in Jerusalem belê. Lees Hand 15:1 – daar was sommiges wat geredeneer het dat die heidene eers besny moes word, voor hulle verlos kon word. Hulle wou dus hê die heidene moet eers die fisiese besnydenis ontvang, sodat hulle deel kon word van Abraham se fisiese nageslag. Lees Hand 15:9. Tydens die vergadering redeneer Petrus egter hierdie heidene se harte is reeds gereinig deur die geloof – m.a.w. hulle het reeds geregtigheid ontvang, soos Abraham. Lees Hand 15:28-29. Die besluit van die vergadering was dat daar geen verdere verpligtinge op hierdie mense geplaas hoef te word, behalwe om in geregtigheid te leef nie. Heidene wat tot geloof kom, hoef dus nie eers besny te word nie. Maar in Hand 10 is hulle alreeds gedoop. Dit wys dus hoe die besnydenis oorgegaan het na die doop.

Nou kan jy vra: hoekom moes daar 'n verandering in die teken van die verbond plaasvind in die Nuwe Testament? Onthou ons het gesien dat die besnydenis juis aan die manlike geslagsorgaan plaasgevind het, wat juis die besnedenes daaraan moes herinner hulle wag nog op die Een wat sou kom om daardie "iets" weg te sny. Ons verstaan nou die "iets" wat weggesny moes word, is die ongeregtigheid van die persoon wat besny is. Ons weet ook dat dit die Here Jesus is wat daardie ongeregtigheid weggeneem het aan die kruis. En daarom is die betekenis van die besnydenis in die Ou Testament om vooruit te wys na die Een wat nog moes kom, vervul. Daarom is die besnydenis vervang met die doop – wat steeds dui op die ander twee betekenisse wat die besnydenis gehad het: die gelowige moet steeds gereinig word, wat op 'n besondere manier in die doop afgebeeld word, en die doop dui ook steeds daarop dat die gedoopte persoon deel is van die verbondsgemeenskap.

In Gal 5:2 sê Paulus: "As julle julle laat besny, sal Christus vir julle waardeloos wees". Ons het tog hierbo gesien dat gelowiges in Christus besny is. Ons het gesien Christus het daardie doel van die fisies besnydenis om te wys na die Een wat sou kom, vervul. Ons het gesien die doop het daarom in die plek van die besnydenis gekom – en daarom maak fisiese besnydenis nie meer sin nie. Trouens, as jy jou fisies laat besny, minag jy die feit dat jy juis in Christus besny is – en daarom, sê Paulus, sal Christus vir jou waardeloos wees.

In die derde plek: Die Nuwe Testament beklemtoon steeds dat <u>besnydenis van die hart essensieel is, terwyl die fisiese besnydenis nie essensieel is nie</u>. Lees Rom 2:25-29. Paulus redeneer daar is persone wat nie fisies besny is nie, maar wat tog wel die wet gehoorsaam – m.a.w. wat dus wel in

geregtigheid leef. Netso is daar ook mense wat fisies besny is, maar wat nie die wet uitvoer nie, m.a.w. wat nie in geregtigheid leef nie. Die vraag is nou: watter een is beter? In vers 27 sê Paulus die wat die wet gehoorsaam al is hulle nie fisies besny nie, sal die oordeel wat wel fisies besny is maar nie die wet gehoorsaam nie. In verse 28-29 redeneer hy: Om werklik innerlik ‘n Jood te wees, dus om waarlik ‘n Jood te wees, om deel te wees van die ware nageslag van Abraham, hang nie af van of die persoon fisies besny is nie, maar of so ‘n persoon se hart besny is. Hartsbesnydenis is dus essensieel, fisiese besnydenis nie.

Ons sien dieselfde in Rom 4:9-12. Lees dit. Onthou wat met Abraham gebeur het: Hy het in Gen 15 geglo, en geregtigheid ontvang. Hy het eers in Gen 17 die opdrag ontvang om in geregtigheid te leef en om hom te besny. In Rom 4:10-11 is dit juis die punt van Paulus se argument: Abraham het geregtigheid ontvang toe hy nog onbesnede was. Dit was dus selfs nie in die Ou Testament nie die fisiese besnydenis wat geregtigheid gegee het nie. In verse 11-12 spel Paulus die implikasie hiervan uit: Abraham is aan die een kant die vader van die wat nie besny is nie, maar tog glo (dit is dus gelowiges uit die heidendom – soos ons), en aan die ander kant is hy ook die vader van die wat wel besny is en ook glo (dit is dus gelowiges uit die Jodedom). Die onderskeidende faktor is dus nie die fisiese besnydenis nie, maar wel geloof, en dus of iemand se hart besny is.

Wat was dan die nut van die fisiese besnydenis? Vers 11 sê dit was "‘n seël van die geregtigheid van die geloof", m.a.w. dit was ‘n teken wat die besnedene moes herinner daaraan dat hy geregtigheid ontvang het omdat hy geglo het (‘n voorbeeld hiervan is Abraham – wat eers geglo en toe besny is), of dat hy moet glo om geregtigheid te kan ontvang (‘n voorbeeld hiervan is Ismael wat nie geglo het toe hy op 13 jaar besny is nie, of Isak wat op 8 dae besny is). Vir Abraham was sy besnydenis ‘n blye herinnering aan sy toegerekende geregtigheid, vir Ismael en Isak was hulle besnydenis ‘n oproep tot geloof. Vir Isak sou dit ook later ‘n blye herinnering word, soos vir Abraham, maar vir Ismael sou dit later selfs ‘n aanklag word – immers, hy het aan sy liggaam die teken gehad wat hom voortdurend herinner het daaraan dat die Here ‘n verbond met sy pa gesluit het, en dat hy deel kan kry aan die inhoud van die beloftes as hy glo. Maar hy het nie, en daarom deel hy nie in die beloftes van die verbond nie. Dit is hoekom die besnydenis bedien is aan iemand sodra hy deel geword het van die verbondsgemeenskap – die beloftes van die verbond staan vas, en omdat die persoon deel van die verbondsgemeenskap is gaan hy met die beloftes gekonfronteer word. Hy moet weet hy kan deel kry aan daardie beloftes – want hy is besny. Maar hy kan net deel kry as hy glo. Die besnydenis was die teken, die seël dat die beloftes waar is. Ons kan natuurlik ook aflei dat dieselfde waar is van die waterdoop. Die fisiese waterdoop is ook nie die onderskeidende faktor of iemand deel is van die ware nageslag van Abraham nie – geloof en besnydenis van die hart is wat werklik saak maak. Maar die doop getuig steeds dat die beloftes van die Abrahamverbond steeds vasstaan. En as iemand as ‘n kind gedoop is, beteken die doop vir die kind hy kan aan die beloftes deel kry as hy glo (soos Isak), en as iemand as ‘n gelowige gedoop is, beteken die doop hy het reeds deel aan die beloftes en het reeds geregtigheid ontvang (soos Abraham). Maar daar is ongelukkig ook kinders wat gedoop is, en nie tot geloof kom nie (soos Ismael) – maar dit verander niks aan die sekerheid van die beloftes van die Abrahamverbond nie – die doop is steeds ‘n seël van die geregtigheid van die geloof, soos wat die besnydenis was in die Ou Testament.

In die vierde plek: In die Nuwe Testament is <u>die werk van die Heilige Gees ook essensieel om geregtigheid te verkry</u>. Ons het gesien die besnydenis is die seël van die geregtigheid van die geloof. Wanneer ons glo, ontvang ons geregtigheid. Wat is geregtigheid? Aan die een kant beteken dit ons ongeregtigheid moet weggeneem word – d.w.s ons sondeskuld moet weggeneem word. En ons het hierbo gesien, dit gebeur deurdat ons in Christus besny is – en dus dat Hy ons sondeskuld weggeneem het deur Sy kruisdood en opstanding. Maar, onthou Abraham het dit reeds in Gen 15

ontvang. In Gen 17 het die Here toe vir hom gesê hy moet nou ook in geregtigheid leef – en dit het hom bang gemaak, want hy het geweet hoe hy in Gen 16 gefaal het. Al is sy sondeskuld weggeneem, hoe sal hy voortaan in geregtigheid kan leef? Wel, onthou ons het gesien in die Ou Testament het die besnydenis ontwikkel na die konsep van "besnydenis van die hart". Die dooie, harde hart sal ook weggesny moet word. Hierdie saak word in detail in die Sinaiverbond en die nuwe verbond uitgewerk, maar ons weet natuurlik dat hartsbesnydenis, of wedergeboorte, deur die Heilige Gees bewerk word. Christus bewerk vir ons geregtigheid deurdat Hy versoening bewerk vir ons sondeskuld, die Heilige Gees bewerk vir ons geregtigheid deurdat Hy ons harte besny om enersyds te kan glo en andersyds om te groei in 'n lewe in geregtigheid. Die fisiese besnydenis bevat beide elemente: ons is in Christus besny, dit is die wegsny van ons sondeskuld, en ons harte is ook besny, dit is die werk van die Heilige Gees. Ons het gesien Rom 4:11 het die besnydenis beskryf as die seël van die geregtigheid van die geloof. Let nou op hoe die Nuwe Testament oor die Heilige Gees skryf: 2 Kor 1:21-22: "Dit is God wat ons saam met julle in Christus 'n vaste fondament gegee het, en ons gesalf het, wat ons ook <u>verseël en die Gees as waarborg</u> in ons harte gegee het." Ef 1:13: "In Hom is julle, toe julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het, <u>verseël met die Heilige Gees</u> wat beloof is." Die besnydenis in die Ou Testament en die doop in die Nuwe Testament is ons seël dat ons deur geloof deel kan kry aan die beloftes van die Abrahamverbond. Die Heilige Gees is die Een wat ons hiervan oortuig, en Hy is ook ons seël of waarborg dat ons dit alles sal ontvang.

Ek vertrou dat hierdie studie jou sal aanspoor om die rol en die nut van die besnydenis, en ook die doop, opnuut raak te sien.